# Twee werklikhede

# Hand 7:54 – 8:3

54Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het
hulle van woede op hulle tande gekners. 55Maar
Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na
die hemel en die heerlikheid van God gesien en
Jesus wat aan die regterhand van God staan.
56"Kyk," het hy gesê, "ek sien die hemel geopen
en die Seun van die mens wat aan die regterhand
van God staan."

57Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore
toegedruk. Soos een man het hulle op hom
afgestorm, 58hom uit die stad uitgesleep en
gestenig. Die getuies het hulle klere neergesit by ’n
jongman met die naam Saulus. 59Terwyl hulle vir
Stefanus stenig, het hy geroep: “Here Jesus,
ontvang my gees!”60Toe het hy op sy knieë
neergesak en hard uitgeroep: “Here, moet hulle
tog nie hierdie sonde toereken nie!”

Met hierdie woorde het hy gesterwe. 8:1 Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur. Daardie dag het daar ’n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria. 2Godvresende mense het vir Stefanus begrawe en daar is baie oor hom gerou. 3Saulus het die kerk probeer uitroei.

Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit.

# Stefanus

Hand 6:5.

5Die voorstel het by al die gelowiges byval gevind, en hulle het Stefanus gekies, ’n man met ’n vaste geloof en vol van die Heilige Gees,

Hand 6:8–10.

8Stefanus, aan wie God baie genade en krag gegee
het, het groot wonders en tekens onder die volk
gedoen. 9Party van die lede van die Sinagoge van
die Vrygelate Slawe, soos dit genoem is, wat
bestaan het uit Jode wat van Sirene en Aleksandrië
afkomstig was, het toe saam met Jode wat van die
provinsies Silisië en Asië gekom het, met Stefanus
begin redeneer.

10Hulle was egter nie opgewasse teen die wysheid wat hy van die Gees ontvang het en waarmee hy gepraat het nie.

Hand 6:15.

15Toe al die lede van die Raad stip na Stefanus sit en kyk, sien hulle dat sy gesig soos dié van ’n engel lyk.

# Die vervolging verskerp

Hand 6:10–13.

11Toe het hulle mense omgekoop om te sê: “Ons het hom teen Moses en God hoor laster.”

12Hulle het die volk en die familiehoofde en die skrifgeleerdes opgesweep. Dié het op hom afgestorm, hom gegryp en voor die Joodse Raad gebring 13en vals getuies gekry om te sê: “Hierdie man wil nie ophou om dinge teen die heilige tempel en die wet van Moses te sê nie.

Hand 7:57–58.

57Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk.
Soos een man het hulle op hom afgestorm, 58hom uit
die stad uitgesleep en gestenig.

# Stefanus volg Jesus

# Hand 7:57

Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk.

Lk 23:23.

23Hulle het egter met ’n harde geskreeu aangehou om te eis dat Jesus gekruisig moes word, en met hulle geskreeu het hulle die oorhand gekry.

Hand 7:54

Soos een man het hulle op hom afgestorm, 58hom uit die stad uitgesleep en gestenig

Heb 13:12.

12Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig.

# Hand 7:59

Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep:
"Here Jesus, ontvang my gees!"

Lk 23:45–46.

46Jesus het hard uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor.”

Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas.

# Hand 7:60

Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: "Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!"

Lk 23:34.

34Toe sê Jesus: “Vader, vergeef hulle, want hulle
weet nie wat hulle doen nie!”

Hand 6:10–13.

11Toe het hulle mense omgekoop om te sê: “Ons het hom teen Moses en God hoor laster.”

12Hulle het die volk en die familiehoofde en die skrifgeleerdes opgesweep. Dié het op hom afgestorm, hom gegryp en voor die Joodse Raad gebring 13en vals getuies gekry om te sê: “Hierdie man wil nie ophou om dinge teen die heilige tempel en die wet van Moses te sê nie.

Mt 26:59–61.

Die priesterhoofde en die hele Joodse Raad het
vals getuienis teen Jesus probeer kry sodat hulle
Hom kon doodmaak. 60Baie vals getuies het na
vore gekom, en tog kon die Raad niks teen Hom
vind nie. Eindelik het daar twee vorentoe gekom
61en gesê: “Hierdie man het gesê: Ek kan die
tempel van God afbreek en in drie dae weer
opbou.”

Jesus bepaal die werklikheid.

54Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het
hulle van woede op hulle tande gekners. 55Maar
Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na
die hemel en die heerlikheid van God gesien en
Jesus wat aan die regterhand van God staan.
56“Kyk,” het hy gesê, “ek sien die hemel geopen
en die Seun van die mens wat aan die regterhand
van God staan.”

Ps 116:15.

15Vir die Here is die dood
van sy troue dienaars
geen geringe saak nie.

# Twee werklikhede

*"The favor and anointing of God will always garner the jealousy of those who do not possess them. Abel, upon whom God looked with favor, is not alone in those who were persecuted by a jealous Cain. Jealousy still lives and breathes in the hearts of the religiously ambitious and insecure."*

Jesus: a theography / Leonard Sweet and Frank Viola.

2 Kor 4:17–18.

17Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ’n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. 18Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

Heb 12:1–2.

12 Terwyl ons dan so ’n groot skare geloofsgetuies
rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi,
ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat
ons die wedloop wat vir ons voorlê, met
volharding hardloop, 2die oog gevestig op Jesus,
die Begin en Voleinder van die geloof.